

# POTCHEFSTROOM, WAAR KRY JY DAARDIE NAAM?

Prof. D.J.P. Haasbroek

Hoof van die Departement Geskiedenis, Universiteit van Zoeloeland, Kwa-Dlangezwa

In 'n televisieprogram wat gedurende 1976 vertoon is, is die stelling gemaak dat Potchefstroom in November 1838 gestig en na Voortrekker Andries Hendrik Potgieter, die *chef* van die Voortrekkers en die Mooirivier vernoem is! 'n Soortgelyke verklaring is in 1853 gegee deur ds. Dirk van der Hoff in 'n brief aan professor U.G. Lauts in Nederland. Hy het die verklaring gegee sonder dat hy die dorp gesien of met Potgieter self daarvoor gesels het.<sup>1</sup> Aangesien Potgieter toe reeds dood was, moes Van der Hoff sy inligting van iemand anders gekry het.

*Chef* is seker 'n alledaagse woord vir 'n Nederlander, 'n Fransman of 'n Duitser, maar die brief dui daarop dat professor Lauts nie bekend was met die samestelling van die dorp se naam nie, dit ten spyte van sy jarelange korrespondensie met die Voortrekkers. Van der Hoff het dit nogtans interessant genoeg gevind om daarvoor te skrywe, want waar bestaan daar so 'n dorp in Nederland?

'n Afrikaner vind so 'n naam vir 'n leier beslis eienaardig. Name soos *goewerneur*, *kommandant*, *landdros*, *heemraad*, *wykmeester* en *veldkornet* was bekende name vir politieke, militêre en ander leiers. *Chef* is nie vir leiers in daardie tydperk gebruik nie en vandag sou dit 'n mens beslis aan 'n kok laat dink. Geen ander dorp in Suid-Afrika is op so 'n wyse na 'n leier vernoem nie. 'n Mens kan dus wel vra of daar 'n Hollander, 'n Fransman of 'n Duitser in Potgieter se laer was wat die naam aan die hand gedoen het.

Die stigting van Potchefstroom as eerste Voortrekkerdorp noord van die Vaalrivier is moontlik gemaak deur die uitdelgingsbeleid van Matiwane, Mzilikazi, Shaka en die vrou Mmanthathi gedurende die *difaqane*. Die Voortrekkers onder Potgieter het hoofsaaklik te doen

gehad met die Matebele van Mzilikazi. By Vegkop is hulle verdryf en by Mosega en Kapain is die Matebele deur twee ekspedisies verslaan. Deur hierdie suksesse het Potgieter die gebied wat die noordelike Transoranje en die huidige Wes-Transvaal insluit, vir Voortrekkernedersetting bekom. Die verowerde gebied is ná die slag by Italeni in Natal maar vóór die einde van Desember 1838 gekoloniseer. In April 1838 het Potgieter Natal verlaat en hom aan die Sandrivier tussen die huidige Winburg en Ventersburg gaan vestig. Sy besluit word uiteengesit in 'n brief van 3 Desember 1838 wat hy aan die Kaapse goewerneur gestuur het.<sup>2</sup>

Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria, A.13, U.G. Lautsversameling, no. 247.

2. H.S. PRETORIUS en D.W. KRÜGER, *Voortrekker-argiefstukke 1829—1849* (Pretoria, 1937), pp.30—51.

'n Terugblik in die gryse verlede: Potchefstroom se Gold Fields Coach voor die Royal Hotel.

FOTO: TRANSVAALSE ARGIEFBEWAAKPLEK



Die brief is geskrywe toe hy nog by Sandrivier was. Die datum van die brief is die vernaamste bewys dat Potchefstroom nie in November 1838 gestig is nie. Ten spyte van die datum van die brief meen historici soos Preller en Theal dat Potchefstroom reeds in November 1838 aangelê is.<sup>3</sup> Dit is moontlik dat hulle nie juis noukeurig na die datum van die dokument gekyk het nie.<sup>4</sup>

Daar is nog 'n ander bewys dat Potchefstroom nie in November aangelê is nie; veldkornet Joubert van Colesberg het die Trekkers 'n tweede keer besoek en by twee geleenthede Potgieter se trek langs die Sandrivier aangedoen — eers op 30 Oktober en toe weer op 1 Desember 1838.<sup>5</sup> Op 3 Desember 1838 was Potgieter nog daar, want toe het hy die genoemde brief aan die Kaapse goewerneur gerig oor die verowerde gebied.<sup>6</sup> Die brief is miskien aan Joubert gegee vir deursending na die goewerneur.

Hoe lank na 3 Desember 1838 die stigting van die dorp plaasgevind het, is nie met juistheid te bepaal nie. Moontlik is die trek verdrag deur 'n kommissie wat vooruitgestuur is om 'n geskikte plek langs Mooiriver te soek.<sup>7</sup> Of miskien het die Trekkers direk op die spore van die kommissie gevolg en nie gewag totdat dit by Sandrivier rapport uitgebring het nie. As dit die geval was, pas die volgende getuienis die verhaal goed. Die eerste is die getuienis van Barend Swart, een van die vroeë inwoners van Klerksdorp. Hy het beweer dat Potchefstroom op 22 Desember 1838 aangelê is.<sup>8</sup> Sy bewering lyk aanneemlik aangesien dit 'n redelike tyd na 3 Desember is. Dit lyk moontlik dat die trek binne daardie tydbestek van Sandrivier tot by Mooiriver kon beweeg het. Verder word Swart se getuienis onderskraag deur die feit dat plase om Potchefstroom reeds in 1838 uitgegee is. Volgens artikel 6 van die Volksraadsnotule van 8 Oktober 1841 is plase in 1838 en 1839 uitgegee.<sup>9</sup> Dus kan aangeneem word dat Potchefstroom nie in November 1838 nie, maar na 3 Desember 1838 en voor die einde van daardie maand aangelê is.

Die plek wat die kommissie gevind het, was weens bodemgesteldheid nie baie geskik vir dorpsaanleg nie. Die dorp is in 'n vlei aangelê, en die grond was vlak op die ouklipformasie wat daar aangetref word. Gedurende 1840 en daarna het dit baie gereën en die omgewing is omgeskep in 'n moeras waar selfs geen gras wou groei nie. Gevolglik is daar op 26 November 1841 besluit om die dorp ongeveer elf kilometer laer af langs die rivier aan te lê. Die verskuiwing en aanleg van die huidige Potchefstroom het in Desember 1841 plaasgevind onder toesig van P.F. Strydom en landdros J.H. Grobler, die oudste bekende landdros van Potchefstroom.<sup>10</sup> Desember 1838 en Desember 1841 is dus baie belangrike datums ten opsigte van die stigting van Potchefstroom.

Noudat Potchefstroom se geboortedatum min of meer bepaal is, kan gevra word waar hy daardie sonderlinge naam gekry het. Wie het dit aan hom gegee? Indien die naam in chronologiese volgorde in die gepubliseerde argiefstukke nagegaan word, kom daar 'n heel interessante spelwyse na vore soos aanstons in twee tabelle aangedui sal word.

Die aandag moet eers op die betekenis van *chef* bepaal word. Dit is 'n woord wat in Frans dieselfde betekenis as die Engelse woord *chief* het. Die Britse Setlaars het dikwels van *Kaffir chiefs* gepraat, maar die Boere van *Kafferkapiteins*. *Chef* word ook in Hollands en Duits aangetref.<sup>11</sup> Die woord het 'n Franse oorsprong, maar in Frans beteken dit ook *kok* of *hoofkok*.<sup>12</sup> Nou is

dit 'n ope vraag of Voortrekkers hierdie woord só geken het. Potgieter was immers hulle kommandant en nie hulle *chef* of *chief* nie, ten spyte van hulle Hollandse, Duitse en Franse voorvaders.

Terwyl 'n mens uit die staanspoor twyfel aan 'n Boereoorsprong van die naam, kan die aandag eers gevestig word op die getuienis van 'n Fransman, die reisiger A. Delegorgue wat die dorp in 1840 besoek het, dit wil sê voordat die verskuiwing van die dorp plaasgevind het. Vir hom was die samestelling van die naam sonderling. Hy beweer dat die naam saamgestel is uit Potgieter-Scheppers-Stroom: "...et j'en mis six avant d'atteindre le nouveau Dorp de Potschepstroom dont le nom composé par les boers du lieu l'état singulierement: Potgieter-Scheppers-Stroom, village du ruisseau de Potgieter et de Scheppers."<sup>13</sup> Die skrywer het gemeen dat Scheppers die naam van 'n persoon was. Daar kan egter geen bewys gevind word om hierdie stelling te staaf nie. Sover bekend was daar geen persoon met daardie van in Potgieter se laer nie. Ook geen een van die vier vroue met wie hy getroud was, het daardie van gehad nie.<sup>14</sup> Die naaste wat aan hierdie naam kom, is Scheepers. Maar hoewel daar in Natal 'n aantal persone met daardie van gewoon het,<sup>15</sup> was daar skynbaar geen Scheepers in Potgieter se laer nie. Die Boere het seker nie na God die *Schepper* verwys nie en daar is ook geen spoor van *Scheffer* in die vroeë argiefstukke te vinde nie. Indien wel, sou dit miskien die spelling *Potschepstroom* en *Potscheffstroom* aan 'n naam gekoppel het en 'n verduideliking gewees het. Moontlik het Delegorgue die Boere nie goed verstaan nie en gevolglik 'n verkeerde verklaring gegee. Dit is wel van besondere betekenis dat die Fransman nie na *chef* verwys het nie, hoewel daar 'n stadje *Chef-Boutonne* naby La Rochelle en *Chef-du-Point* in Noordwes-Frankryk te vinde is.<sup>16</sup>

Dit lyk dus of die naam van die dorp op sigself 'n stukkie geskiedenis inhou wat op gissing berus. Die dorp is om die beurt Mooiriver, Vryburg, *Potschepstroom*, *Potscherfstroom* en later *Potchefstroom* genoem. Die volgende tabel gee 'n idee van die aantal kere wat en die maniere waarop die dorp se naam in gedrukte argiefstukke voorkom:<sup>17</sup>

- G.S. PRELLER, *Voortrekermense III* (Kaapstad, 1922), p.50.
- G.M. THEAL, *History of South Africa from 1795 to 1872, II* (Londen, 1926), pp.374–5.
- Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, Colonial Office no. 2778: rapport van Joubert, 19.12.1838.
- A.N. PELZER, *Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek I: Wordingsjare* (Kaapstad, 1950), pp.129–130.
- Ibid.*
- The Natal Advertiser*, 21.7.1921.
- G.S. PRELLER (red.), *Voortrekker wetgewing: notule van die Natalse volksraad 1839–1845* (Pretoria, 1924), pp.150–151.
- De Volksstem*, 18.9.1892: Lewensgeskiedenis van Grobler.
- M.S.B. KRITZINGER, et al., *Groot woordeboek* (Pretoria, 1961).
- Webster's third new international dictionary of the English language unabridged* (Londen, 1961).
- A DELAGORGUE, *Voyage dans l' Afrique australe* (Parys, 1847), p.327.
- G.S. PRELLER, *Voortrekermense III*, p.2.
- G.S. PRELLER, *Voortrekker wetgewing*, pp.34 en 72.
- Atlas général Larousse* (Parys, 1959), pp.41 3B en 39 4B.
- PRELLER, *Voortrekker wetgewing*; PRETORIUS en KRÜGER, *Voortrekkerargiefstukke 1829–1849*; *Suid-Afrikaanse argiefstukke, Transvaal no. 1: Notule van die volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek 1844–1850* (Pretoria, 1949); en G.B.A. GERDENER, *Boustowwe vir die geskiedenis van die Nederduits-Gereformeerde kerk in die Transgariëp* (Kaapstad, 1930).

TABEL 1840 TOT 1849

	'40	'41	'42	'43	'44	'45	'46	'47	'48	'49	To- taal
Potcherfstrom	—	2	—	—	—	—	—	—	—	—	2
Potscherfstrom en PSSTROOM	—	24	4	—	3	—	—	1	3	1	36
Potschrefstrom	—	—	—	—	—	—	—	—	—	1	1
Potschefstrom	2	1	4	—	3	4	4	—	1	7	26
Potchefstrom	—	—	—	—	1	—	4	7	—	1	13
Potchesstrom	—	—	1	2	—	—	—	—	—	—	3

Argumentshalwe kan die eerste vier skryfwyses saamgegroeper word en die laaste twee saam, want by die *che* stem hulle ooreen terwyl daar onsekerheid bestaan oor die vertolking van die *ss*. Die verskillende skryfwyses wat oorweging vereis is dus: *Potscherfstrom*, *Potschefstrom* en *Potchefstrom*. Die verskil in spelling van die naam kan te wyte wees aan die gebrekkige taalvaardigheid van die Trekkers, tog was dit met die Volksraad-sitting te Pietermaritzburg op 2 Februarie 1841 nie die geval nie. By daardie geleentheid het Potgieter en Kruger van Potchefstrom self die vergadering bygewoon en die sekretaris was J.J. Burger wat nie 'n ongeletterde man was nie.

Burger het seker van Potgieter self verneem wat die naam van die dorp nou eintlik is. Dus het hy die naam by daardie geleentheid en later dikwels *Potscherfstrom* geskrywe. Dit wil voorkom asof Potgieter tot in daardie stadium en later self nie behoorlik geweet het wat die naam of ten minste die spelwyse eintlik is nie. Hy het in 1840 die eerste bekende dokument geteken met *Potschefstrom* as spelwyse (in Februarie 1841) het Burger talle

kere *Potscherfstrom* geskryf) en later in 1841 weer 'n dokument geteken toe die dorp se naam *Potscheffstrom* geskryf is. Op die dokument van 16 Oktober 1840 verskyn die volgende persone se handtekening: A.H. Potgieter, Casper J.H. Kruger, H.J. Steijn, J.L. Pretorius, J.G.S. Bronkhorst, J.A. Beetge, D.R. Jacobs, Jan Heinop, P.A. Venter, J.F. Robbertse (wat miskien lede van die Raad van Potchefstrom was), A.W.J. Pretorius, G.R. van Rooyen en R.J. Jansen (van Natal). Die skrywer van die dokument is onbekend, maar hy was uiters onvaardig met die pen, miskien ook met die Hollandse taal! Dit was blykbaar nie een van bogenoemde ondertekenaars nie. Die skrywer van die brief van 1 November 1841 is eweneens onbekend, maar nie so onvaardig met die pen nie. Die brief is geteken deur H. Potgieter, P.J. van Stade, G.J. Krieger, N. Grobler, J.S.J. van Rensburg, P.J. Lou (landdros), F.C. Elof, W.A.D. Duplisie, M.C. Jacobs, R.P. Dutoit en G.S. Maree.

In 'n brief van 10 April 1844 gerig aan kommissaris H. Cloete in Natal en onderteken deur A.H. Potgieter en 'n aantal ander burgers word die naam drie keer *Potscherfstrom* geskryf. Hierdie brief is deur landdros J.G. Vermeulen opgestel.<sup>18</sup> Dit is die dag ná die Drie-entertig Artikels opgestel is.

In 1848 verskyn die eerste volbloed Hollander, H.T. Bührmann, op die toneel. Hoewel *chef* vir hom nie vreemd sou wees nie, skryf hy in September en November 1848 *Potscherfstrom*.<sup>19</sup> Net soos J.J. Burger het hy te Lydenburg dalk direk van Potgieter die inligting verkry

18. PRELLER, *Voortrekker wetgewing*, p.236.

19. *Ibid.*

'n Straatoneel uit die pioniersjare van Potchefstrom. Die Royal Hotel is links op die voorgrond.

FOTO: TRANSVAALSE ARGIEFBEWAAARPLEK



of miskien van Burger self. In 1850 het 'n hele aantal Potchefstroomers 'n memorie aan die Volksraad gerig en *Potscherf* in die aanhef gebruik.<sup>20</sup> Dit wil dus uit hierdie inligting voorkom of die Boere nie die naam van die dorp gekoppel het aan *chef* met leier as betekenis nie. Dus is dit betekenisvol dat gedrukte transportaktes wat selfs so laat as 1853 en 1854 gebruik is, van *Potscherf*stroom gebruik maak. Dit kom drie keer in dieselfde vorm voor.<sup>21</sup>

Die laaste keer wat die spelling *Potscherf*stroom geskryf is, was op 27 Januarie 1859 toe dit deur sir George Grey in 'n brief aan M.W. Pretorius gebesig is.<sup>22</sup> Hy het die spelling seker in vroeëre korrespondensie of in *De Zuid-Afrikaan* teëgekrom.

Hoewel die Trekkers dus slordig geskrywe het, is dit tog opvallend dat die *r* so dikwels in die naam voorkom. Die verkeerde spelling *Potschref*stroom dui feitlik aan hoe sterk die skrywer, veldkornet J.H. van Staden, van die *r* in die woord bewus was. Dit is dus ook moontlik dat die Boere die naam as *Potskerf*stroom uitgespreek het.

As voorgaande bespreking die beskouings van 'n Fransman, 'n Hollander en die onsekerheid van die Boere vertolk, watter moontlikheid lê daar in 'n Duitse verklaring vir die skryfwyse *Potchef*stroom? 'n Mens dink onwillekeurig aan die bydrae van die twee Duitsers, C. Nagel en C. Heine, tot die maak van die preekstoel van die Geloftekerk in 1841. Het 'n Duitser nie dalk *Potchef*stroom se naam gegee nie? In Duits kry 'n mens woorde soos *Regierungschefs*, *Stabschef des Heeres*, *Generalstabschef* en *Chefpolitiker*.<sup>23</sup> Die betekenis van *chef* is duidelik nie *kok* nie maar *leier* of *hoof*. Hoewel daar geen Duitse dorp met so 'n naam gevind kan word nie, kan die antwoord dalk by 'n Duitser in Voortrekkergeledere gevind word. Wat spelling betref, sou 'n mens *schef* en *chef* kon aantref na aanleiding van die verbindings-*s* in bostaande woorde en die Oostenrykse spelwyse — *schef*. Dit sou beide spelwyses *Potschef*stroom en *Potchef*stroom kon verduidelik.

Hoewel omstandigheidsgetuie is ietwat onseker is, is die Duitser wat m.i. so 'n rol kon gespeel het, Johannes Bodenstein wat J.J. Burger as sekretaris van die Volksraad opgevolg het. Wanneer hy uit Beaufort-Wes hom by die Trekkers aangesluit het, is onbekend, maar Sandrivier, waar Potgieter tot 3 Desember 1838 was, het op sy pad gelê as hy in daardie tyd getrek het. Sy naam verskyn nie in Natalse dokumente voor April 1841 nie. Hy kon eers in *Potchef*stroom gewees het hoewel hy nie noodwendig vir die briewe van 16 Oktober 1840 en 1 November 1841 verantwoordelik was nie. Sy naam verskyn in Natal voor laasgenoemde brief. Hy kon miskien saam met Potgieter en Kruger se gevolg in Januarie 1841 na Natal gegaan het, of selfs vroeër, d.w.s. voor die brief van Oktober 1840 geskryf is. Bodenstein is op 28 Februarie 1796 in Osnabruck, Duitsland, gedoop en het seker as vrygesel na die Kaap gekom. Uit sy huwelik met Hendrina Brits is veertien kinders gebore. Onder hulle was Johannes C. Bodenstein wat in 1826 op Beaufort-Wes gebore is. Later was hy 'n gesiene man en het in die distrik *Potchef*stroom met sy gesin gewoon.<sup>24</sup> Dit was hy wat die Voortrekker-dokumente wat hy van sy pa gekry het, aan die Transvaalse regering gegee het. In April 1841 het Johannes Bodenstein in Weenen gewoon en in Januarie 1842 Volksraadslid en ook heemraad vir Weenen geword, daarna Volksraadsektaris, landdros en hawemeester van Port Natal. Soos uit die dokumente blyk, was Bodenstein 'n vaardige skrywer.

In amptelike stukke het Johannes Bodenstein in Oktober 1842 na die dorp as *Mooy Rivier* verwys en daar-

mee Burger se skryfwyse van *Potscherf*stroom verontagsaam, hoewel hy self op 22 Junie 1842 reeds *Potches*stroom geskrywe het.<sup>25</sup> Daar is egter 'n vermoede dat die spelwyse dalk verkeerd vertolk is toe die dokumente gepubliseer is, want G.S. Preller gee dit weer as *Potchef*stroom en die redakteurs van die *S.A. Argiefstukke* as *Potches*stroom hoewel daar 'n duidelike verskil tussen die eerste en tweede *s* in sy handskrif is. Dit is van belang dat Bodenstein nie die verbindings-*s* gebruik nie en dit wil voorkom of hy met die spelling 'n ander begrip as Burger van die naam gehad het, soos later deur ds. Dirk van der Hoff verduidelik.

Twee ander persone wat miskien in berekening gebring kan word, is P. Dietrichsen en C.J. Rabe. Dietrichsen gebruik *Potchef*stroom in die Drie-en-dertig Artikels van 1844. Hy was *Lid en Secretaris*. Rabe tree op as klerk van die Hoof-kommandant in 1846 en 1847 en gebruik die spelwyse *Potchef*stroom in al sy korrespondensie.<sup>26</sup> Die probleem bly vir sover die eerste spelvorm *Pot Schef Stroom* nie aan 'n spesifieke skrywer gekoppel kan word nie. Dit is hierdie skryfwyse wat teen 1853 die meeste gebruik is. J. Stuart, samesteller van die 1855 ontwerpgrondwet wat deurgaans *Potchef*stroom in sy boek gebruik het, spel die dorp se naam *Potschef*stroom op 'n landkaart van Suid-Afrika wat hy in 1854 uitgegee het.<sup>27</sup> Teen daardie tyd was die spelwyse *Potchef*stroom reeds die aanvaarde skryfvorm.

Volgens die tabelle lyk dit asof *Potschef*stroom teen 1853 die algemene skryfvorm was, maar dit was ook in daardie jaar wat die ommeswaai gekom het. Die voorloper van hierdie verandering was miskien ds. J.H. Neethling wat *Potchef*stroom 'n paar keer in 1852 gebruik het.<sup>28</sup> Dit is moontlik hy wat die betekenis van die woord aan ds. Dirk van der Hoff in Kaapstad oorgedra het, want 'n paar maande na laasgenoemde se koms skryf hy die brief van 11 Maart 1853 uit Kaapstad aan professor U.G. Louts in Nederland. Daarin beweer hy dat "de plaats heet *Potchef*-stroom (ter herinnering aan Potgieter as *Chef* en gelegen aan Mooirivier)."<sup>29</sup> As hy maar besef het hoeveel onsekerheid by die Boere bestaan het oor dié naam! Dat die naam na Van der Hoff se koms so dikwels *Potchef*stroom geskryf word, kan ook toegeskryf word aan die invloed van ander Hollandse skrywers, o.a. C. Korsten, wat in November en Desember 1853 as sekretaris van die Volksraad opgetree het. Hy het sy inligting seker van Van der Hoff gekry. Sodoende is die knoop finaal deurgehak wat die spelling betref. Die volgende tabel gee 'n beeld van die verandering wat toe volgens amptelike stukke plaasgevind het.<sup>30</sup>

(vervolg onderaan bladsy 28)

20. PRETORIUS en KRÜGER, *Voortrekker-argiefstukke 1829—1849*, pp.266—7, 259: brief 18.4.1850.
21. Williams, Gaisford en Steyn, Kerkstraat, *Potchef*stroom: transportakte no. 261.
22. T.A.B., S.S. 24 Staatsektaris, Inkomende stukke: R.2564/59.
23. G. MANN, *Deutsche Geschichte des 19. und 20. Jahrhunderts* (Frankfurt, 1966).
24. D.F. du T. MALHERBE, *Stamregister van die Suid-Afrikaanse volk* (Stellenbosch, 1966).
25. PRELLER, *Voortrekker wetgewing*, pp.155, 211, 221 en 236; *S.A. argiefstukke, Natal no. 1: Notule van die Natalse volksraad 1838—1845* (Pretoria, 1958), pp.81 en 156.
26. *S.A. argiefstukke, Transvaal no. 1*, pp.221—235.
27. J. STUART, *De Hollandsche Afrikanen en hunne republieken in Zuid-Afrika* (Amsterdam, 1854). Kyk kaart van Suid-Afrika.
28. *S.A. argiefstukke, Transvaal no. 2: Notule van die volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek 1851—1853* (Pretoria, 1950), V.R. 214/52 en V.R. 213/52.
29. T.A.B., A.13, U.G. Louts-versameling, no. 247.
30. *S.A. argiefstukke, Transvaal no. 1, 2 en 3*.